**Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here! (OP169)**

**Eks 13:17-14:31**

**7 April 2024**

Laasweek het ons stil gestaan by die instelling van die pasga. Ons het gesien die pasga is juis ingestel tydens die voltrekking van die 10de plaag – d.i. die dood van die eersgeborenes van die Egiptenare. Die pasga het behels dat die volk 'n paaslam moes slag, die bloed daarvan aan hulle deurkosyne moes smeer, waarna hulle die paaslam in hulle huise moes eet saam met ongesuurde brood en bitter kruie, terwyl die Here buite hulle huise deur Egipte beweeg het om die eersgeborenes van die Egiptenare met die dood te tref. Dit was die bloed van die paaslam wat die eersgeborenes en ook die Israelietiese volk bewaar het teen die oordeel van die Here. Die paaslam was 'n Ou Testamentiese tipe van die Here Jesus wat as die ware Paaslam geslag is – dit is geloof in Hom wat gelowiges regverdig maak en hulle beskerm teen die toorn van die Here. Maar die volk moes die paaslam haastig eet en gereed om te vertrek. Selfs na hulle vertrek het hulle steeds ongesuurde brood geëet. Dit leer ons dat regverdigmaking deur die geloof bloot die beginpunt van ons verlossingspad is – dit word gevolg deur 'n pad van heiligmaking waar gelowiges die kwaadheid en boosheid uit hulle lewens weer.

In Eks 12:29 en verder, lees ons dat die Here inderdaad die eersgeborenes van die Egiptenare gedood het, en dat dit inderdaad aanleiding gegee het daartoe dat die Egiptenare aangedring het dat die volk uit die land moes trek. Die gevolg was dat die volk na 430 jaar in Egipte uit die land getrek het.

Vandag wil ek stilstaan by die deurtog van die volk deur die Rietsee (Eks 13:17-14:31). Ek moet vooraf erkenning gee aan Michael Barret. Ek gaan ruim gebruik maak van wat hy hieroor geskryf het in sy boek "The gospel of Exodus". Ek maak egter ook nie eksklusief net gebruik van wat hy geskryf het nie. Ek wil die volgende hoofpunte gebruik: (1) Die redelikheid van geloof, (2) Hoe moet 'n gelowige optree as omstandighede hopeloos is?

<u>Die redelikheid van geloof</u>

Ons het laasweek gesien die viering van die pasga was 'n geloofsdaad van die volk – dit was in geloof dat hulle die paaslam geslag het, die bloed aan die deurkosyne gesmeer het, en die paaslam geëet het. Wat ons moet onthou, is dat geloof iets anders is as wensdenkery, of om maar net te hoop vir die beste, dit is selfs anders as positiewe denke waardeur jy jouself opsweep om 'n krisis te hanteer. Geloof het twee elemente: geloof is objektief en geloof is subjektief. As ons sê geloof is objektief, bedoel ons geloof het 'n objektiewe inhoud, dit het inhoud wat objektief waar is. Dit het substansie. Dit maak nie saak of die inhoud van geloof geglo word of nie, die inhoud van geloof bly dieselfde. Die Heidelbergse Kategismus noem daardie inhoud van geloof: kennis. Die vraag is nou: Wat is hierdie kennis? Wat is hierdie objektiewe inhoud van die Christelike geloof? Ons moet raaksien dat hierdie objektiewe inhoud of kennis van geloof is die inhoud van wat die Here gesê het. Sy Woord is dus die objektiewe inhoud of kennis van ons geloof. In verskeie preke oor verskeie maande uit verskeie boeke in die Bybel het ek probeer onderstreep dat wat die Here sê saamgevat kan word in Sy verbond (of verbonde). Daarom is kennis van Sy Woord en spesifiek van Sy verbond so belangrik – dit vorm die inhoud van ons geloof. Ons moet raaksien dat die Here in Sy Woord ons wil oortuig dat wat Hy sê, betroubaar is – Hy doen wat Hy sê. Die doel met Sy Woord, is om dit oor die verloop van baie jare van openbaringsgeskiedenis te bewys. Oor die loop van baie jare kondig Hy Sy verbondsbeloftes aan, en dan vervul Hy, of ten minste begin Hy om hierdie beloftes te vervul. Wat Hy dus sê, word as waar bevestig – daarom kan ons sê dit is objektief waar. Ja, daar is sommige

mense, ongelowiges, wat besluit dat hulle dit nie glo nie, maar dit verander nie aan die feit dat wat God sê waar is nie. Sy Woord bewys Hy praat waar. Daarom kan ons sê om te glo, het inhoud. Dit het inhoud wat ons kan aanvaar as objektief waar. Daarom is dit redelik en rasioneel, om te glo – want die inhoud van ons geloof is objektief waar – dit het as basis die Woord van God, wat Hy bewys het betroubaar is.

Maar geloof het ook 'n tweede element – 'n subjektiewe element. Geloof is nie net kennis van iets wat objektief waar is nie, dit is ook 'n subjektiewe aanvaarding van daardie objektiewe waarheid, wat gevolge inhou vir die gelowige. Die Heidelbergse Kategismus noem dit: vertroue. As ek glo, beteken dit ek aanvaar daardie objektiewe inhoud as waar, en dit bepaal nou hoe ek optree. Lees Eks 4:30—31. Toe die volk gehoor het dat die Here aandag gee aan hulle verdrukking in Egipte, het hulle geglo – hulle het die objektiewe waarheid van die Here wat hulle gaan verlos, geglo. Hulle kon dit glo want dit was immers in lyn met wat die Here aan Abraham beloof het. Maar let op, dit het meer tot gevolg gehad as dat hulle net kennis geneem het van die beloofde verlossing – hulle het gekniel en in aanbidding gebuig. Die gevolg van hulle aanvaarding van die verlossing van die Here, het tot gevolg gehad dat hulle op die Here vertrou het om nou te doen wat Hy beloof het, en hulle het Hom dus aanbid – hulle het 'n subjektiewe belewing gehad van hulle geloof. Hierdie subjektiewe geloofsoptrede, is egter die gevolg van 'n aanvaarding van die objektiewe beloftes van die Here – maar dit is 'n rasionele of redelike geloofsoptrede, immers smag hulle na die verlossing wat die Here nou beloof het, en wat hulle oortuig is Hy gaan nou bewerk – daarom aanbid hulle die Here, hulle is subjektief daarby betrokke. Daarom sê ons: Om te glo, is redelik en rasioneel. Beide die glo van die objektiewe inhoud van die geloof, sowel as die subjektiewe uitleef van hierdie geloof, is redelik en rasioneel. Dit is oneindig meer as wensdenkery of positiewe denke.

<u>Hoe moet 'n gelowige optree as omstandighede hopeloos is?</u>

Alhoewel geloof iets redeliks is, gebeur dit van tyd tot tyd dat omstandighede ontstaan wat die redelikheid om te glo, uitdaag. Die vraag is hoe moet gelowiges optree wanneer dit die geval is? Hoe moet gelowiges optree as alles oënskynlik hopeloos is? Die gebeure van die volk se deurtog deur die Rietsee, leer ons meer hieroor. Kom ons besin hieroor:

Teen die tyd dat Eks 13 en 14 aanbreek, is die slawerny van Egipte verby, en die beloofde land is in die vooruitsig. Die groot dade van die Here was nog vars in die geheue van die volk. Die 10 plae het sopas die almag van die Here gedemonstreer, en die viering van die pasga het die genade en die bewaring van die Here aan Sy volk gedemonstreer. Nou skei net 'n kort trek deur die woestyn die volk van Kanaän. Na 430 jaar in Egipte, was hulle amper daar. Boonop was die Here sigbaar teenwoordig by die volk. Eks 13:21-22 sê die Here het bedags in 'n wolkkolom voor die volk uitgegaan, en snags in 'n vuurkolom. So het Hy hulle dag en nag begelei op hulle pad. Alles het voorwaar goed gegaan. Maar nou was dit tyd vir 'n toets.

Alhoewel daar 'n direkte roete na die land Kanaän was deur in 'n oostelike rigting te trek, en dan noord te draai, het die Here egter gesê hulle moet 'n ander roete volg (Eks 14:2) – waarskynlik moes hulle in 'n suidelike of ten minste suidoostelike rigting draai en by die Rietsee gaan kamp opslaan. Let op, die volk was nie by die Rietsee omdat hulle verdwaal het nie, hulle was daar omdat die Here hulle doelbewus soontoe gestuur het. Dit moes vir die volk nogal verwarrend gewees het: Na 430 jaar in Egipte is hulle uiteindelik oppad na die beloofde land – maar hulle is nie werklik oppad na die beloofde land nie. Nie net lei die Here hulle na een van die mees afgeleë plekke in daardie omgewing nie, maar hulle moes sekerlik gewonder het hoe gaan hulle by die beloofde land kom as hulle in die verkeerde rigting trek. Om by die Rietsee kamp op te slaan was oënskynlik teenstrydig met die beloftes van die Here. En asof dit nie erg genoeg was nie, was daar by die onsekerheid ook nog

potensiële gevaar: Die volk het die Here se opdragte gevolg, maar nou was hulle in meer ernstige moeilikheid – want, sien, die farao het die feit dat hulle in die verkeerde rigting getrek het, geïnterpreteer as 'n strategiese fout deur die volk. Hy het aangeneem dit is 'n geleentheid vir hom om sy ontsnapte slawe terug te kry – en daarom trek hy uit na die volk met sy strydwaens en manskappe. (Eks 14:3, 5-9). Die situasie vir die volk was hopeloos: woestyn aan weerskante, die see voor hulle, en die sterkste weermag in die destydse wêreld agter hulle. Om verder te trek was onmoontlik. Om terug te draai sou beteken hulle moes oorgee, of waarskynlik sterf. Hulle ondergang was oënskynlik onafwendbaar – die enigste vraag was hoe hulle ondergang sou gebeur. Trouens, dit was nie duidelik of verlossing kon of sou kom nie.

In die Here se alwysheid het Hy sy volk gebring waar hulle moes erken hulle was gedoem sonder Hom. Dit was 'n harde en moeilike toets. Sien jy hoe die toets van die Here werk? Die Here het 'n situasie bewerk wat hulle laat twyfel het of daardie objektiewe inhoud van hulle geloof steeds vasstaan. Hy het beloof hulle gaan beloofde land toe. Maar hulle trek in die verkeerde rigting, Hy het beloof Hy gaan hulle red, maar dit lyk onmoontlik: die see voor hulle en die Egiptenare agter hulle. Die vraag is: Hoe gaan hulle reageer? Is hulle oortuiging van die objektiewe inhoud van hulle geloof sterk genoeg om nou te bly staan? Hoe gaan die subjektiewe element van hulle geloof reageer? Gaan hulle die Here steeds aanbid? Of nie?

Dit is nie verrassend dat hierdie toets verskillende response tot gevolg gehad het nie. Die verkeerde respons was die respons van die meerderheid van die volk: Hulle het duidelik nie meer in geloof opgetree deur vas te hou aan wat die Here vir hulle gesê en beloof het nie, nee hulle het hulle blind gestaar deur net te kyk na die sigbare omstandighede wat hulle fisies kon raaksien: Ons lees in Eks 14:10 toe die Israeliete opkyk en sien die Egiptenare is besig om teen hulle op te ruk, was hulle angsbevange. Paniek en wanhoop was die natuurlike, logiese respons. Hulle het alle rede gehad om angsbevange te wees – die gevaar was 'n werklikheid. Wetende dat hierdie lewensbedreigende situasie ontstaan het omdat hulle Moses en die wolk- en vuurkolom gevolg het, het sake net nog verder gekompliseer. Dit het aanleiding gegee tot die tipiese beswaar wat gelowiges gewoonlik opper tydens enige toets van hulle geloof: “Dit is onregverdig!” Maar let op: hierdie respons van die volk was omdat hulle nie verstaan het wat die Here besig was om te doen nie – Hy het hulle geloof getoets. Hulle was egter ongeduldig. Ja, ons lees wel in vers 10 dat die volk die regte reaksie getoon het deurdat hulle na die Here geroep het om hulp, maar eerder as om op die Here se antwoord te wag, rig hulle direk in vers 11 hulle klag teen Moses, en maak die gevolgtrekking dit was die Here wat hulle bedrieg het deur hulle uit Egipte te lei, net met die doel dat hulle in die woestyn moet sterf. Ewe skielik onthou hulle ook nie meer die swaarkry in Egipte nie en hoe hulle daar tot die Here geroep het nie (Eks 2:23). Nou het hulle 'n ander opinie: In vergelyking met hulle huidige benarde posisie, lyk Egipte nie so sleg nie (Eks 14:12). Die oomblik van onsekerheid en hopeloosheid het hulle oorweldig, dit het hulle vertroue in die Here laat wankel, hulle geloof is nou in 'n krisis. Let op: Omdat hulle nie aan die objektiewe inhoud van hulle geloof, daardie kennis van die beloftes van die Here vasgehou het nie, daardie kennis van hulle verlossing uit Egipte tydens die 10 plae, is die gevolg dat die subjektiewe deel van hulle geloof, hulle vertroue in die Here, nou ook wankel. En dit lei tot 'n krisis.

Alhoewel Moses in die minderheid was, het hy die regte respons gehad. Alhoewel hy in dieselfde benarde posisie as die volk was, het sy geloof hom in staat gestel om te ignoreer wat die oënskynlik feite van die situasie was, en om eerder te sien wat werklik die situasie was. In teenstelling met die volk se natuurlike respons, het Moses 'n onnatuurlike respons gehad gedring deur sy geloof. Sy respons was: “Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here!” (Eks 14:13). Kom ons dink oor die inhoud van hierdie stelling van Moses:

- Om nie bang te wees in so ‘n benarde situasie nie, illustreer die vermoë van geloof om te staan ten spyte van wat ons fisies sien. Die enigste manier om nie bang te wees vir die optrekkende Egiptenare agter hulle en die golwe van die Rietsee voor hulle nie, was om die Here in die oog te hou – die Een wat groter is as die omstandighede waarbinne hulle is. Dit is om vas te hou aan die objektiewe inhoud van die geloof.
- Om stil te staan, is om ferm, met oortuiging, weerstand te bied teen alle natuurlike oordeel in.
- Om uit te kyk vir die verlossing van die Here was om oortuig te wees ‘n Goddelike ingryping sal kom. Moses het begryp die Here gaan nie nou Sy volk verwerp nie, en hy het geweet die Here het die vermoë om hulle te red. Die Here het dit sopas in Egipte gedoen.

Menslik gesproke was daar geen manier om te ontsnap nie – dit was ‘n hopelose situasie. Die farao was seker van ‘n oorwinning, die volk was seker van hulle ondergang – maar Moses was seker van verlossing deur die Here! En Moses was die enigste een wat reg was! In hierdie hopelose situasie, moes die volk stilstaan, as’t ware uit die pad bly, en kyk hoe die Here Sy Woord hou, en vir hulle veg (Eks 14:14). Moses se geloof was nie gebaseer op wensdenkery of positiewe denke of blinde optimisme nie. Nee, dit was gebaseer op die sekerheid van die Here se belofte – daardie objektiewe waarheid wat die Here self beloof het! Geloof op sigself laat nie dinge gebeur nie – nee, dit gryp vas aan en vertrou op die woord van die Here, wat altyd waar sal wees ongeag van wat besig is om te gebeur. In geloof is enigiets moontlik, want vir God is enigiets moontlik. Dit beteken nie ek kan maar net glo God sal enigiets doen nie, dit beteken wel dat ek kan glo dat God sal doen wat Hy beloof het Hy sal doen – daaraan kan ons in die geloof vashou!

Let nou op: Die voorsienigheid van die Here wat aanleiding gegee het dat die volk by die Rietsee gekom het, was in ‘n sekere sin ‘n misterie vir die volk om te verstaan – hoekom het die Here dit laat gebeur? Wel, dit was die Goddelik beplande manier waardeur die Here Sy doelwitte wou bereik. Sy doelwitte was: Sy Naam moet verheerlik word, en daar moes ‘n goeie uitkoms vir Sy volk wees. Kom ons kyk na hierdie twee doelwitte:

- Die verheerliking van die Naam van die Here is altyd die belangrikste doel van die Here se voorsienigheid. Onthou, die Here het alreeds vooruit bekend gemaak dat Hy iets by die Rietsee gaan doen om agting by die farao af te dwing, en om die Egiptenare te oortuig dat Hy die Here is (Eks 14:4, 17-18). Al die gebeure en omstandighede by die Rietsee was in lyn met die Here se plan en doel – Hy het dit so gereël volgens Sy goeie wil. Nie een van die oënskynlike struikelblokke teen die erkenning van Sy heerlikheid sou bly staan nie: Die farao se weermag was weliswaar sterker as die volk, maar voor die Here was hulle niks en Hy kon hulle met soewereine mag maklik verkleineer. Die Rietsee was ‘n natuurkrag buite die beheer van die mens, maar met soewereine mag kon die Here dit maklik manipuleer. Dit het nie lank geduur vir die Egiptenare om te besef dit was die Here wat teen hulle veg nie (Eks 14:25). Die Here is erken as die Here, so is Hy verheerlik daar tussen die heidense Egiptenare. Dit was nodig vir die mense van destyds, soos wat dit steeds nodig is vir die mense van ons tyd, om te leer dat die Here Sy heerlikheid met niemand deel nie. In Sy voorsienigheid kan Hy die vreesaanjaende golwe van die Rietsee gebruik teen die strydwaens en manskappe van die farao totdat almal geleer het om te erken die Here is die Here.

  Maar dit was nie net die Egiptenare wat moes leer om die Here te verheerlik nie. Die volk moed dit ook gedoen. In Gen 15 lees ons die oorwinningslied wat Moses en die Israeliete gesing het na die Here hulle verlos het. Ek lees net ‘n paar verse uit hierdie oorwinningslied:

Eks 15:10-13. In hierdie verse word dit duidelik dat die Here se Naam verheerlik word. Kyk maar net na vers 11: “Wie is soos U onder die gode, Here? Wie is soos U majestueus in heiligheid, ontsagwekkend in lofwaardige dade? U wat wonders doen”. Hoekom word die Here se Naam verheerlik? Enersyds omdat Hy die vyand verswelg het in die magtige waters (vers 10), en andersyds omdat Hy Sy volk gered het en hulle begelei het na Sy heilige woonplek (vers 13). Vergelyk die inhoud van hierdie lied, met die inhoud van die hallelujakoor in die hemel in Op 19:1-3 en 6-8. Lees dit. Hier word die heerlikheid, krag en regverdigheid van die Here ook besing. Hoekom word dit besing? Enersyds omdat Hy die groot prostituut, die duiwel, veroordeel het, en andersyds omdat Hy Sy bruid gered het en gebring het by die bruilofsmaal van die Lam – soortgelyk aan die inhoud van die lied in Eks 15.

Die Here is die enigste hoop, veral as alles hopeloos lyk. Die Egiptenare moes dit leer, en die volk moes dit ook leer. Die feit dat hulle dit geleer het, het aanleiding gegee dat die Here erken is vir wie Hy is, en so is Sy Naam verheerlik.

- Alhoewel die heerlikheid van die Here die hoogste doel is met die omstandighede wat die Here deur Sy voorsienigheid bewerk, is dit ook kosbaar om raak te sien dit loop hand aan hand met ‘n goeie uitkoms vir Sy volk. Die gebeure by die Rietsee het tot gevolg gehad dat die Here die ongeloof van die volk kon uitwys en dit kon afkeur. Terselfdertyd was dit ook ‘n aanmoediging tot geloof sodat die volk kon leer om volledig op Hom te vertrou. Om te leer om volledig op die Here te vertrou, is per definisie goed. Daarom was hierdie krisis vir die volk goed. Die krisis daar by die Rietsee en hoe die Here die situasie gebruik het, openbaar belangrike maniere hoe die Here dit ook juis tot beswil van Sy volk wou gebruik. Daar is vyf belangrike waarhede wat die Here Sy volk wou leer:
    - Die Here verhoor gebede. Alhoewel die Here van die begin af die situasie by die Rietsee beplan het, alhoewel Hy dit bewerk het, en alhoewel Hy dit ook uiteindelik opgelos het deur die volk wonderbaarlik te verlos, het die verlossing eers gevolg na die volk tot die Here geroep het om hulp, en ook na Moses voorbidding gedoen het vir die volk (Eks 14:15). Moses het wel geweet dat die Here beloof het Hy gaan agting afdwing deur hierdie gebeure. Hy het sekerlik geglo dat die Here dit sal doen. Maar tog bid hy dat die Here juis dit sal doen. Ons moet onthou: Gebed is ‘n Godgegewe genademiddel. Hoe meer gelowiges vertroue het in die Here se Woord, hoe meer hulle verstaan van die beloftes van die Here, hoe meer hulle oortuig is van die objektiewe inhoud van hulle geloof, hoe meer sal hulle gebed gebruik om die Here te smeek om Sy beloftes in die Woord te vervul. Dit is as gelowiges in gebed worstel met ‘n situasie in hulle lewens, dat hulle herinner word dat die Here nie net die uitkoms uit die situasie bewerk nie, maar ook die pad na daardie uitkoms toe. Hoe groot die krisis vir ‘n gelowige ookal mag wees, hoe onduidelik die uitkoms ookal mag wees, herinner gelowiges in hulle gebede die Here steeds aan Sy beloftes en vra dat Hy hulle sal vervul. Dit voed hulle geloof, en help hulle om nie bang te wees nie, maar stil te kan staan en te wag vir die verlossing van die Here.
    - Die Here maak hier bekend dat Sy beskermende teenwoordigheid nooit Sy volk verlaat nie. Die wolkkolom en vuurkolom het getuig van die teenwoordigheid van die Here en die Engel van die Here (wat die Here Jesus self is). Die wolkkolom en vuurkolom was deurgaans teenwoordig: Aanvanklik was die wolkkolom voor die volk, maar in die hoogtepunt van die krisis was dit tussen die volk en die farao se leër (Eks 14:19-20). Hierdie posisie het juis die beskerming van die volk deur die Here onderstreep. Die Goddelike teenwoordigheid het vir die volk lig gegee

gedurende die krisis. Dit is verstommend dat die volk die heeltyd die teenwoordigheid van die Here kon sien, en nogtans het hulle geloof gewankel, nogtans het hulle getwyfel aan die beloftes van die Here. Selfs toe die Here stelling inneem tussen hulle en die Egiptenare, het hulle steeds net die Egiptenare gesien. Die Here moes eers die see oopmaak, voor hulle in die see ingetrek het. Die volk, en ons as gelowiges, moet leer dat die Here se beskermende teenwoordigheid by ons is in elke krisis wat ons beleef.

- Die Here het die volk wel verlos, ten spyte van hulle ongeloof (Eks 14:21-23). Boonop was die verlossing bonatuurlik en het dit getuig van genade. Deur die see oop te kloof het en 'n droë pad te maak, het die Here iets gedoen wat mense nie kon namaak of krediet voor kon neem nie. So het hy die dwaasheid van ongeloof uitgelig, en die redelikheid van geloof bevestig. Dit is ironies dat die see wat vir die volk 'n bedreiging ingehou het, juis die instrument geword het wat hulle bevry het. Dit is netso ironies dat die see wat die Egiptenare gedink het hulle medewerker was, juis hulle dodelike vyand en graf geword het. In 'n enkele gebeurtenis het die Here beide Sy goedheid en regverdigheid geopenbaar. Sy diskriminerende genade het die volk gespaar, terwyl die lyke van die Egipte op die strand geëindig het. Die volk, en ons. moet leer: die Here sal verlos – immers is dit wat Hy beloof het om te doen. Selfs al lyk dit vir ons onmoontlik, Hy sal verlos.
- Die Here het aan Sy volk geleentheid vir groei gegee deurdat hulle weereens gekonfronteer is met die redelikheid van geloof in die Here. Hulle het gesien hoe 'n oënskynlik definitiewe ondergang, geëindig het in heerlike oorwinning. Ons lees nadat hulle die magtige daad gesien het wat die Here gedoen het, het die volk vir die Here ontsag gehad en hulle vertroue in die Here en in Sy dienskneg, Moses, gestel (Eks 14:31). Let op: toe hulle die gevaar gesien het, het hulle die gevaar gevrees (Eks 14:10). Maar toe hulle die Here en Sy werk gesien het, het hulle die Here gevrees (Eks 14:31). Wat ons as mense sien, bepaal wat ons vrees. Dit is hartseer dat dit soms ekstreme en oënskynlik hopelose situasies is wat nodig is om ons in die regte rigting te laat kyk. Maar juis daarom neem die Here ons by tye na die Rietsee toe om ons te leer om Hom te vertrou. Soos Jak 1:1 sê: "Beskou dit as 'n groot vreugde, my broers, wanneer allerhande versoekings (beproewings) julle oorval". As ons hierdie toetse suksesvol wil weerstaan, moet ons seker maak ons is goed geanker in die objektiewe waarhede wat die Here aan ons in Sy Woord geopenbaar het, en wat die kennis inhoud van ons geloof uitmaak. Dit sal help om ons ook goed te anker in die subjektiewe beoefening van ons geloof, sodat ons nie dan wankel nie.
- Daar is nog 'n belangrike aspek wat ons in gedagte moet hou: Sedert Gen 3:15 is daar vyandskap tussen die slang en die vrou, en tussen haar nageslag en sy nageslag. Ons het verskeie kere al opgemerk dat die farao en die Egiptenare die slang en sy nageslag verteenwoordig. Gedurende die Ou Testamentiese geskiedenis is daar ook verskeie geleenthede waar die slang juis die vooruitgang van die nageslag van die vrou wil keer, veral die koms van die Een uit haar nageslag wat sy kop gaan vermorsel. Wat ons hier by die Rietsee sien, is een van hierdie geleenthede: Sopas het die Here die nageslag van die slang 'n geweldige terugslag toedien – hulle eersgeborenes sterf. Hulle laat die volk trek. Maar spoedig loods hulle 'n nuwe aanslag: kom ons gaan kry ons slawe terug. Bo en behalwe dat die Here in hierdie gebeure besig is om Hom te beywer vir die verheerliking van Sy Naam, bo en behalwe dat Hy Hom beywer vir die voordeel van Sy volk, is hierdie gebeure ook weer 'n herinnering van die stryd tussen die nageslag van die vrou, en die nageslag

van die duiwel. Hierdie stryd is steeds besig om voort te woed. Die enigste verskil is dat die duiwel intussen uit die hemel gegooi is – toe Jesus hom aan die kruis oorwin het. Lees nou saam met my Op 12:13-14. Ons lees dat die draak, dit is die duiwel, op die aarde neergegooi is, en dat hy nou die vrou wat aan die manlike kind geboorte geskenk het, agtervolg. Die vrou is natuurlik die gelowiges, in die Nuwe Testament spesifiek die ware kerk. Die manlike kind wat gebore is uit die vrou, is natuurlik die Here Jesus. Die belangrike punt om van kennis te neem, is dat die duiwel steeds die vrou, d.w.s. die gelowiges, agtervolg. Ons moet steeds situasies soos by die Rietsee verwag. Maar ons lees ook dat die vrou na haar plek in die woestyn kon vlug waar sy vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd weg van die slang versorg word. Dit dui natuurlik op die tyd tussen Jesus se eerste en tweede koms – die gelowiges sal ondanks die agtervolging van die duiwel bewaar word. Ons moet moed skep, en hierdie openbaring van die Here deel maak van die objektiewe kennis wat deel van ons geloof is, sodat ons nie mismoedig sal word en wankel in die subjektiewe belewing van ons geloof wanneer ons die vervolging beleef nie.

<u>Samevatting</u>

Ons as gelowiges moet verstaan dat ons geloof twee elemente bevat: beide 'n objektiewe kennis-element asook 'n subjektiewe belewings-element. By tye gaan die Here ons geloof toets – beide elemente van ons geloof sal getoets word. Die gebeure by die Rietsee was so 'n toets. Die volk se geloof het gewankel in die toets – hulle het nie aan die beloftes van die Here vasgehou nie, d.w.s aan die objektiewe kennis inhoud van hulle geloof vasgehou nie, en daarom ook in die subjektiewe belewing van hulle geloof begin wankel. Moses daarenteen het wel aan die Here se beloftes vasgehou en bly staan in die geloof. Hy kon die volk aanmoedig: Moenie bang wees nie! Staan stil en aanskou die verlossing van die Here! Die Here bring hierdie toetse oor gelowiges eerstens om by te dra tot die verheerliking van Sy Naam, en tweedens tot voordeel van die gelowiges. Maar hoe kry gelowiges dit reg om in sulke toetse nie bang te wees nie, om stil te staan en te wag vir die verlossing van die Here? (1) Hulle bid vir die vervulling van die Here se beloftes, (2) hulle weet die Here se beskermende teenwoordigheid sal hulle nooit verlaat nie, (3) hulle weet die Here sal wel Sy gelowige kinders verlos in lyn met Sy beloftes, (4) hulle weet die Here gebruik dit as 'n geleentheid vir die gelowige se geloof om te groei, en (5) hulle weet dit is deel van die groter stryd tussen die vrou en die slang, en tussen haar nageslag en sy nageslag.

Die verlossing wat die Here bewerk, is om Sy kinders in heerlikheid te bring. Dit is hoe Sy Naam verheerlik sal word. Kom ons maak dit die inhoud van ons geloof.